Oberammergau

PASSIESPEL 2022

Slowenië, Oostenryk, Duitsland en die Tseggiese Republiek

21 JUNIE – 5 JULIE 2022

Kom saam op ons 15-dae avontuur na Europa en die *Oberammergau Passiespel* teen die spesiale groepstarief van R49 990 per persoon. Twee etes elke dag en alle besigtigingskostes is ingesluit.

Reisplan

Dag 1: Dinsdag, 21 Junie **KAAPSTAD / JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand met ons oornagvlug na Europa. Aandete word op die vlug bedien.

Dag 2: Woensdag, 22 Junie **LJUBLJANA**
Na 'n vroeë ontbyt land ons in **Ljubljana**, die hoofstad van Slowenië. Ons reis per bus vanaf die lughawe na die sentraalgeleë ***Lev Hotel***, waar ons die volgende twee nagte oorbly. Daar is tyd om uit te pak en 'n bietjie te rus. Om **12:00** ontmoet ons in die hotel se voorportaal om die stad te verken. Stap saam na die Ljubljanica-rivier, wat deur die stad kronkel. Om **15:00** ontmoet ons 'n plaaslike toergids om aan ons die hoogtepunte van die stad te wys. Ons besigtig die Drie Brûe, die indrukwekkende barok stadsaal, die St Nicholas Katedraal en die Ljubljana Kasteel uit die dertiende eeu (kabelspoor-rit ingesluit). Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 3: Donderdag, 23 Junie **LJUBLJANA → POSTOJNA → PIRAN → LJUBLJANA**
Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons per bus na die ***Postojna Grotte***, geleë 50 km suidwes van Ljubljana (toegangsgelde ingesluit). Dit is die grootste grot-formasie in Europa en is meer as twee miljoen jaar oud. Dit is ook bekend as een van die mooiste grotte in die wêreld! Ons ry vir ongeveer 7 km met 'n trein deur die grotte. Die gemiddelde temperatuur in die grotte (selfs in die somertyd!) is net 8°C. Onthou dus om iets warms saam te neem.
Ons reis ongeveer 74 km verder suidwaarts na die Adriatiese See en die prentjiemooi hawestad, **Piran.** Ons het vryetyd om die ou stad te verken voordat ons terugkeer na Ljubljana. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 4: Vrydag, 24 Junie **LJUBLJANA → BLED**
Na ontbyt vertrek ons na **Bled**, 'n skilderagtige dorpie geleë teen 'n meer en aan die voet van die *Julian Alpe*. Ons het 'n besigtigingstoer met 'n plaaslike toergids na die sprokiesmooie kasteel van Bled. Ons vaar ook op 'n tradisionele boot, *Pletna*, na 'n klein eiland in die middel van die meer. Daar besoek ons die Kerk van *St Mary of the Lake*, wat dateer uit die sewentiende eeu (alle toegangsgelde ingesluit). Ons het die middag vry om die dorp en meer verder te verken en te geniet. Oornag en aandete in die ***Hotel Astoria***.

Ry met 'n Pletna op die Bled-meer!

Mozart se geboortehuis in Salzburg

Dag 5: Saterdag, 25 Junie **BLED → KLAGENFURT → SALZBURG**
Vanoggend moet ons die mooie Slowenië groet! Na ontbyt vertrek ons bus na Oostenryk. Ons stop by **Klagenfurt** om ons bene te rek. Die aantreklike provinsiale hoofstad van Corinthia dateer uit die twaalfde eeu. Moenie die *Dragon Fountain* in die Neuer Platz misloop nie. Dié mitiese draak is in 1593 deur Ulrich Vogelsang geskep en is die simbool van die stad. Vanmiddag arriveer ons in **Salzburg**. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Hotel Europa***, waar ons ook aandete nuttig.

Dag 6: Sondag, 26 Junie **SALZBURG**
Na ontbyt vertrek ons om **09:00** na die ***Maribellplatz***, in die hartjie van hierdie romantiese musiekstad. 'n Plaaslike toergids gaan aan ons al die geheime van die stad wys tydens 'n drie-ure staptoer. Een van die hoogtepunte is om die geboortehuis van die groot komponis, Wolfgang Amadeus Mozart, te sien. Ons sien ook van die plekke waar

die oorspronklike *Sound of Music* verfilm is. Na die staptoer het ons nog vrye tyd in die stad, totdat ons bus om 16:00 terugkeer na ons hotel. Aandete is vanaand om 18:00 in ons hotel, sodat daar tyd is vir 'n opsionele musiekkonsert.

Dag 7: Maandag, 27 Junie **SALZBURG → BERCHTESGADEN → OBERAMMERGAU-AREA**
Om 09:00 (na ontbyt) vertrek ons bus en ons steek die grens tussen Oostenryk en Duitsland oor. Ons reis deur die mooie natuurskoon van die **Berchtesgaden Nasionale Park** na die **Königssee-meer.** 'n Bootvaart op hierdie diepste meer in Bavaria na *St Bartholoma* is ingesluit. Vir diegene wat daarin belangstel sal daar ook die opsie wees om Hitler se gewese somerhuis, *Eagle's nest*, met ongelooflike uitsigte, te besoek.
Laatmiddag arriveer ons in die **Oberammergau-omgewing**, waar ons die volgende twee nagte oorbly. Om 19:00 ontmoet ons vir 'n heerlike Duitse aandete.

Vaar per boot op die skilderagtige Konigssee

Ontdek die bekoring van Oberammergau te voet

Dag 8: Dinsdag, 28 Junie **OBERAMMERGAU**
Na ontbyt vertrek ons bus na die skilderagtige dorpie ***Oberammergau***. Ons het die oggend vry om die dorp, bekend vir sy besondere houtsneewerk, te verken. Daar is kans om die Oberammergau Museum, Pilatus-huis of die Rooms Katolieke Kerk *(St Peter & Paul)* te besoek. Om **14:30** begin die eerste deel van die Passiespel in die *Passionstheater*. Dit duur tot 17:00, waarna ons 'n heerlike aandete geniet. Die tweede deel begin om **20:00** en duur tot 22:30. Na 'n wonderlike Passiespel-belewenis reis ons per bus na ons nabygeleë hotel vir oornag.

Dag 9: Woensdag, 29 Junie **OBERAMMERGAU-AREA → MÜNCHEN**
Na ontbyt moet ons die prentjiemooi Bavaria groet en vertrek ons noordwaarts na **München**. Ons gaan probeer om betyds te wees om teen 12:00 die wêreldbekende *Glockenspiel* op die *Marienplatz* in aksie te sien! Daarna volg 'n besigtigingstoer met 'n plaaslike toergids na die hoogtepunte van die stad.
Ons het die res van die middag vry om die stad verder te verken en 'n bier te drink by die *Hofbraühaus*! Ons hotel, die ***Maritim Hotel***, is net 'n hanetreetjie vanaf die Marienplatz geleë, waar die bekende *Karstad* en *Kaüfhaus* departementele winkels is. Die hotel het ook 'n panoramiese dak-swembad. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 10: Donderdag, 30 Junie **MÜNCHEN → INGOLSTADT → NÜRNBERG**
Na ontbyt vertrek ons noordwaarts na Nürnberg, ongeveer 170 km vanaf München. Ongeveer halfpad stop ons by **Ingolstadt**, met 'n bevolking van ongeveer 130 000, om ons bene te rek, Die bekoorlike middeleeuse Alstadt is die hartjie van die stad. Dit is ook die stad waar Audi se hoofkantoor geleë is en waar Frankenstein gebore is (in elk geval in die skrywer se verbeelding!).
Ons reis verder deur die *Naturpark Altmühltal* en arriveer laatmiddag in **Nürnberg**, die tweede grootste stad in Bavaria. Ons bly vanaand oor in die ***NH Collection Nürnberg City Hotel***. Vanaf die hotel is dit net 5 minute se stap na die bekoorlike gerestoureerde middeleeuse ou stad. Ontdek die nabygeleë kasteel, die *Kaiserburg*.
[*Peter Henlein invented the world's first pocket watch in Nuremberg in 1510, and the world's first globe was also made here* 😊.]

Dag 11: Vrydag, 1 Julie **NÜRNBERG → PLZEN**
Na ontbyt moet ons Duitsland groet. Ons steek die grens oor na die Tseggiese Republiek se Wes-Bohemia streek. **Plzen** is die hoofstad van Wes-Bohemia en ongeveer 202 km vanaf Nürnberg geleë. Ons hotel, die ***Courtyard by Marriott Pilsen Hotel***, is in die historiese stadsentrum geleë. Loop na die indrukwekkende St Bartholomew's Katedraal, wat dateer uit 1295 en geniet die sjarme van die ou stad. Maak gerus ook 'n draai by die *Pilsner Urquell Brewery*, waar bier sedert 1842 verbrou word. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 12: Saterdag, 2 Julie **PLZEN → PRAAG**
Na ontbyt vertrek ons in 'n noord-oostelike rigting (ongeveer 103 km) na die Tseggiese Republiek se hoofstad, **Praag**, een van Europa se bes bewaarde juwele! Ons kom om 14:00 in die hotel se voorportaal bymekaar om die stad te verken. Ons bly die volgende twee nagte oor in die *Vienna House Diplomat Hotel* (aandetes ingesluit).

Dag 13: Sondag, 3 Julie **PRAAG**
Na ontbyt vertrek ons per bus vir 'n besigtigingstoer van die stad met 'n plaaslike toergids. Ons besoek onder andere die **Praag Kasteel**, die grootste kasteel in die wêreld. Die kasteel omvat die 600-jaar oue *St Vitus Katedraal*, die *Old Royal Palace* en verskeie kapelle en tuine. Ander hoogtepunte is die ou stadsplein, wat wonderlik behoue gebly het en Middeleeuse-, Barok- en Rococco-argitektuur kombineer, asook Praag se ikoniese brug, die *Charles Bridge* (gebou in 1357 en versier met Barok-beelde).

Dag 14: Maandag, 4 Julie **PRAAG →**
Na ontbyt het ons 'n laaste kans om hierdie pragtige stad verder te verken of inkopies te doen. Vanmiddag vertrek ons na die lughawe vir ons terugvlug na Suid-Afrika.

Dag 15: Dinsdag, 5 Julie → **JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Na ontbyt en 'n onvergeetlike twee weke in Europa, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

***Praag*, verseker een van die mooiste stede in die wêreld!**

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas (lughawebelastings en brandstofheffings ingesluit) vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n bybetaling van R1 050 vir die retoer-vlugkoste vanaf Kaapstad.
- ✓ Luukse busvervoer deurentyd, met alle parkerings- en tolgeldkostes.
- ✓ Verblyf in die volgende uitgesoekte (meestal vier-ster) hotelle:
  - Twee nagte in die ***Lev Hotel***, Ljubljana [www.uhcollection.si/hotel-lev]
  - Een nag in die ***Hotel Astoria***, Bled [www.hotelastoria-bled.com]
  - Twee nagte in die ***Hotel Europa***, Salzburg [www.austria-trend.at/de/hotels/europa-salzburg]
  - Twee nagte in 'n hotel in die Oberammergau-omgewing (as deel van die Passiespel-pakket)
  - Een nag in die ***Maritim Hotel***, München [www.maritim.com]
  - Een nag in die ***NH Collection Nürnberg City Hotel***, Nürnberg [www.nh-collection.com]
  - Een nag in die ***Courtyard by Marriott Pilsen Hotel***, Pilsen [www.marriott.com]
  - Twee nagte in die ***Vienna House Diplomat Hotel***, Praag [www.viennahouse.com]
- ✓ Volle ontbyt en aandete elke dag.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit, met toegangsgelde waar nodig.
- ✓ 'n Toegangskaartjie om die *Oberammergau Passiespel* op Dinsdag, 28 Junie, by te woon, met 'n driegang-aandete ingesluit.
- ✓ Die dienste van plaaslike Engelssprekende toergidse in Ljubljana, Bled, Salzburg, München en Praag, asook van 'n ervare toerleier deurentyd.
- ✓ Vir addisionele gemoedsrus is groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** ook ingesluit vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling). Dié reisversekering sluit onder andere die volgende in (met sekere polis-voorwaardes):
  - ❖ *Medical and related expenses (due to illness or injury): R50 million per person, this includes emergency medical and related expenses should a traveler contract the Covid-19 virus during a journey.*
  - ❖ *Additional accommodation expenses incurred as a result of contracting the virus during the journey is also included. Medically required quarantine costs are limited to R2 500 per day (with a max benefit limit of R25 000).*
  - ❖ *International journey cancellation or curtailment: R30 000 per person.*
  - ❖ *Luggage lost or delay: up to R20 000 per person.*

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die voorlopige toerkoste van **R49 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Augustus 2021. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van €1 = R17,00 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- ➢ Visumkoste van ongeveer **R1 400** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met almal se Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf.
- ➢ Ten einde in Europa te kan toer, moet alle toerlede ten volle ingeënt wees teen Covid-19.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang, beloop **R8 990**.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Ten minste 38 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R6 000** moet so gou as moontlik vereffen word om die sitplekkaartjies by die Passiespel te waarborg. 'n Tweede deposito van **R 7 000** (as vereiste vir die twee nagte Passiespel-pakket) moet **voor 20 November 2021** vereffen word en die balans van die reisgeld voor **26 Maart 2022**.
- ➢ Indien die onwaarskynlike gebeur dat die Passiespele in 2022 gekanselleer word, sal alle deposito's ten volle terugbetaal word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Besigheids Verwysing: PASSIESPEL/ en u van
Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel nr: 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za